*Saterdag* **20 Desember**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 7 (AFR33/53)**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 7:14**

**Een volkome offer deur ons ewige Hoëpriester**

In Hebreërs 7 lees ons van Melgisedek, die koning van Salem en priester van God. Ons lees die eerste keer van hom in Genesis 14 waar hy vir Abraham seën. Hy was priester op 'n besonderse manier, want hy was nie uit die nageslag van Abraham of spesifiek uit die nageslag van Levi soos al die ander priesters van die Here in die Ou Testament nie. Aangesien hy geen geslagsregister het nie en sy geboorte en dood nie opgeteken is nie, kom dit voor of hy sonder begin en einde is en so word hy gelykgestel aan die Seun van God en bly hy priester altyddeur. Melgisedek is egter iemand wat wys op die Seun van God, wat anders as Melgisedek waarlik sonder begin en einde is.

In die Ou Testament moes die priesters offers bring ter versoening van die volk se sonde. Die priesters was uit die stam van Levi wat deur die Here aangewys is om die diens te verrig. Hulle moes nie net offers bring vir die volk se sondes nie, maar ook vir hulle eie sondes.

Anders as die priesters in die Ou Testament, word die Here Jesus gebore uit die stam van Juda. Maar tog word Hy as 'n priester beskryf. Daarom sê die skrywer van die Hebreërbrief dat Jesus priester is volgens die orde van Melgisedek. Hy is vir ewig priester en daarom kan Hy ons red wat deur Hom tot God gaan, want Hy leef vir altyd om vir ons in te tree by God. Hy kan dit doen, want Hy is heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars en daarom hoef Hy nie vir sy eie sondes te offer nie, maar het Hy een maal volkome geoffer vir die sondes van die wat deur Hom tot God gaan.

Die wonder is dit: Hy is gebore as 'n mens. Hy is ons hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek en so het Hy een maal volkome vir ons geoffer en het ons verlossing deur Hom. Daarom moet ons jubel in die Here.

*Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 4, 5*

*Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)*